G. van den Brink & C. van der Kooi, *Christelijke dogmatiek. Een inleiding.*
(Zoetermeer: Uitgevery Boekencentrum, 2015),
ISBN: 9789023926061, pp. 772
http://dx.doi.org/10.4314/actat.v35i1.18

Die verskyning van 'n nuwe dogmatiek is vir 'n teoloog soos 'n groot doos sjokolade: Jy moet dit stadig stukkie vir stukkie proe, en jy mag dit maar geniet! Om hierdie boek van die twee professore van die Vrye Universiteit in Amsterdam deur te werk is louter vreugde. Hulle skryf 'n lekker lewendige, beeldryke Nederlands. Hulle boek is stewig gebind en hanteer maklik. En die handige registers van Bybeltekste, outeurs se name en teologiese begrippe vergemaklik herhaaldelike naslaan. Dit is so jammer dat al minder Afrikaanssprekendes deesdae gemaklik Nederlands kan lees. Miskien moet die uitgewers 'n Engelse vertaling oorweeg. Dit sal beslis 'n baie wyer afsetgebied verseker.

Waar staan dié dogmatiek in terme van hedendaagse teologiese strominge? As ek dit goed begryp, wil die outeurs aansluit by die klassieke teologie, by name die gereformeerde tradisie van hulle universiteit. Maar dié tradisie wil hulle dan uitdruklik opdateer. Om dit reg te kry, tree hulle eerstens in gesprek met die "grootste geeste" in die teologiegeskiedenis (Luther, Calvyn, Schleiermacher, Barth esm, bl 256). Vervolgens word allerlei wetenskaplike denkers van ons tyd – filosowe, antropoloë, fisici, neuroloë ens. – betrek (bv bll 251,254,295). Sodoende probeer hulle hul doel bereik, nl om 'n "lojale" (nie onkritiese nie) "ortodoksie" vanuit 'n Westerse konteks te beoefen (bl 13). Myns insiens is hulle grootste bydrae juis die magdom eietydse literatuur wat by elke hoofstuk vermeld word. Dit help die afgestudeerde teoloog om weer 'n keer op datum te kom.

Ons het dus hier geensins 'n vrysinnige teologie nie. Inteendeel, die hoofstukindeling sluit doelbewus by die Apostoliese Geloofsbelydenis en Nicea aan. Inhoudelik sou dié boek konfessioneel-gereformeerd genoem kon word. Die skrywers doen moeite om by elke leerstuk na die bekende Drie Formuliere van Eenheid te verwys en simpatiek daarby aan te sluit. Voorbeelde hiervan is legio. Selfs die (ongewilde?) Dordtse Leerreëls word gelyk gegee (bl 631 vv).

'n Verdere kenmerk van dié dogmatiek is die deeglike Skrifeksegese wat by elke onderafdeling onderneem word. Dit is die skrywers se uitgesproke doelstelling om by elke leerstuk opnuut die bronne te ondersoek en dit in die lig van die eietydse vraagstukke te interpreteer. Hier lê baie preekstof wat op ontginning wag!

Wat metode betref, sê die outeurs self dat hulle "trinitaries" en "komplementêr" te werk wil gaan (bl 427). By meer as een geleentheid probeer hulle, hoewel kortliks, 'n trinitariese benadering volg. Dit open dikwels interessante nuwe perspektiewe. Met "komplementêr" bedoel hulle om nie eensydig te wees nie en eerder na die waarheid tussen twee uiterste standpunte te soek. 'n Goeie voorbeeld hiervan is om in die versoeningsleer nie aan die geykte teenstelling van subjektiewe en objektiewe versoening vas te hou nie, maar om dit te deurbreek met die erkenning dat Christus tegelyk Oorwinnaar, Verlosser én Middelaar is (bl 413). Nog 'n voorbeeld is die voorstel om die (vermeende) spanning tussen regverdiging en heiliging deur die kategorie van partisipasie ("in Christus") te oorbrug (bl 611). Dié soort dogmatiek maak teologie opwindend.

'n Laaste uitstaande kenmerk van dié handboek is dat dit nie 'n modernistiese, intellektualistiese teologiese breingimnastiek beoefen nie. Die foto's op die buiteblad (spoelklippies en 'n dowwe spoor in die sand) herinner al aan die ondeurgrondelike geheimenis van God en sy werk in die geskiedenis (vgl bl 116, met verwysing na Ps 77:20). Hierdie dogmatiek wil die Bybelse bronne só interpreteer dat dit diensbaar sal wees aan die omgang met God (bll 305, 456). Telkens staan die skrywers in verwondering oor die groot dade van God. Daarvan kan ons slegs in geloof ontvangers (Ndl "recipiënten") wees.

By alle positiewe waardering vir die boek, hoef 'n mens uiteraard nie met alles daarin saam te stem nie. Een van die standpunte wat by my nie wil afgaan nie, is bv die filosemitisme (teenoorgestelde van antisemitisme) in die hoofstuk oor Israel en die verbond. Kan die moderne staat Israel sowaar vandag nog van teologiese betekenis wees (bl 317)?

Alles in ag geneem verdien die outers ons gelukwensing en opregte dank. Hulle het daarin geslaag om die gereformeerde dogmatiek op so 'n vlak te bring, waar ons vrymoedig met enigeen van 'n ander oortuiging in gesprek kan tree.

Prof SA Strauss
Emeritus-Professor: Dept. Dogmatologie
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika